**Hi Daar!**

Ek wou net met julle deel hoe AWESOME die Here is! Ek sukkel van kinds af met lae-rug probleme, wat direk ander probleme veroorsaak het soos hoofpyne, slegte bloedsomloop, (wat my vel beinvloed) rugpyn by my blaaie, heup pyne as ek oefeninge doen and the list goes on.....

Ek was by verskeie doktors vanaf ek 13 is en meeste het gese dat hulle my rug moes seergemaak het met my geboorte. Die laaste rug-verslag was in 2004 in Oxford toe ek vreeslike rugpyn gehad het en weekliks by 'n chiro moes wees en 'n physio ens. Die dokter het gese my rug is te hol. Hy krul te diep na binne. Met my xrays, was dit duidelik - daar is 'n groot diep krul in my rug.

Vandat ons terug in SA is het dit beter gegaan, maar verlede jaar met my swangerskap, het ek weer probleme gehad en was weer chiro toe gewees vir 'n klomp sessies en 'n klomp geld. Na Sims se geboorte moes ek weer gaan vir behandeling. So, dit was maar deel van my lewe en ek was al so gewoond daaraan dat ek nie veel "f'uss" gemaak het daaroor nie. Die ongemak en pyn raak so deel van mens se lewe dat jy nie meer daaroor praat of eers wonder nie. Ek het net aanvaar dat dit maar nou my lot is en het geleer hoe om daarmee te leef.

Sondag in die kerk, het Sieg, (Swaer/Pastoor), 'n woord gekry dat iemand se rug skeef of snaaks gekrul is. Ekt gewonder of hy dalk van my praat, maar aangesien ek nie tans op die oomblik pyn het nie, dog ek hy (namens die Here) bedoel dalk iemand anders. Gister by vroude bid sessie, noem hy dit weer en aangesien ons net 8 was, het ek geweet dit was ek en gesit dat hulle vir my bid.

Nou, dit is nogal moeilik om te meet hoe hol iemand se rug is. :-) Melanie, my vriendin het my rug gevoel en dit was duidelik dat ek 'n dieper as normaal holte het net bo my stuitjie. Ek self, kon amper my hele vuis daarin druk. Hulle het toe begin bid en "deliverance" gedoen van alle moontlike oorsake van die "gebrek", maar daar was nie verandering nie. Ons het later so lekker aan die bid geraak en alle probleempies uitgesorteer in my lewe (bv van onvergifnis teenoor mense) en ek het 'n lekker paar traantjies gepik so deur die bid en eintlik heeltemal vergeet van die rede waarom ons begin bid het.

Toe ons klaar is toe onthou ek - O ja, kom ons kyk gou of daar dalk 'n wonderwerk plaas gevind het en WARAGIES! my rug is reguit!! Ek is ernstig! My rug is reguit!!!! Almal kon die verskil voel en ek nog meer! Ek kon altyd my vuis mooi daarin laat le en nou kan ek nie meer nie! Dit is 'n MIRACLE! Melanie wat die "holte measurer" was.. thee hee, kon dit ook beleef. Sy het oor en oor my rug gevoel want dit is soooo "AWESOME!!". Ek kon ook nie gister ophou om my rug te voel nie. Dit is die vreemste gevoel as mens se liggaam so oornag (of in 'n split oomblik) so drasties verander.:-)

Ek PRYS die HERE vir Sy liefde en genade vir my en aanvaar hierdie nuwe rug en glo dat al my ander fisiese probleme ook daarmee verdwyn het.

Die HERE is so lief vir ons en WIL ons genees - of jy nou in pyn is of nie. Al wat dit kort is bereidwilligheid net om toe te laat dat iemand vir jou bid. :-)

GOD IS SOOO GOED!!

Ek hoop julle elkeen beleef Sy liefde vir jou vandag!

Blessings

Daphne - die non-hol rug meisie :-P